# SONDAGSKOOL LES - Gebed

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons gebed en die rol wat dit speel in 'n Christen se lewe.

**Ysbreker:**

- **Watte speletjie:** Gee vir elke kind watte. Hulle moet dit in hulle ore sit. Gee nou 'n klompie opdragte wat hulle moet uitvoer met die watte in hul ore. Maak seker om sag te praat dat dit nog moeiliker is vir hulle om te hoor met die watte in hulle ore.

Dis nogals moeilik om te hoor as daar iets is in jou ore.

**Vrae in die groep**

- Dink jy dat God se ore soms so verstop is soos wat ons ore was met die watte?
- Hoor God ons altyd?
- Is daar iets wat kan keer dat God ons hoor?

Daar kan wel goed in ons lewens wees wat veroorsaak dat God nie ons gebede beantwoord nie. Onbeleide sondes, onvergewensgesindheid of dat jy kwaad is vir iemand. Soms is die tyd nog nie reg vir wat ons vra nie, of God het iets beter ingedagte.

**Maak dit geestelik:**

Kry terugvoer.

**Maak dit prakties**

**Maak dit persoonlik**

Video clip – Met watter karakter identifiseer jy in die video clip? Is dit goed genoeg of is daar plek vir verbetering? Jy moet die keuse maak oor hoe jou gebedslewe gaan lyk.

Sluit af in groepe met gebed.